

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Het jy my waarlik lief?” Hoe persoonlik is geloof?

Skriflesing: Johannes 21:1-19

Lied 409

Hoor jy die Paasfeesklokke?

Hul lui van vroegdag af;

hul jubel oor die wêreld:

Die Heer is uit die graf!

Hy, Christus, die oorwinnaar,
is uit die donker uit!

Die Heer, die sleuteldraer,
sal ook my graf ontsluit.

Broodjies vir die pad

Breindood

Skaars tien jaar oud, onbesorg,
jaag jy ’n bal tot voor die taxi op hellevaart.

Steriel op ’n teatertafel afgedek,
ventilator, monitors, oorplantingspan:
volledig opgestel.

’n Hart fladderend bevry.
Lewer en niere sorgvuldig
afgeklem, losgesny.
Korneas geskil.

Na afloop van die makabere tafereel
tussen geteelde mure, net ek en jy,
donker wond en dooie oë,
sonder iemand om tot slot
jou óf my hand vas te hou.

Hendrik J. Botha

(Uit: Atropos, Quillierie, 2015)

1. Wanneer het jy dié gedig geskryf. Hoe het dit ontstaan?

Ek het die gedig in 2012 geskryf. Ek het op ’n Saterdagoggend gaan help as narkotiseur met die oesting van organe van ’n jong seun wat breindood verklaar is na ’n tref-en-trap ongeluk. Die gedig het daar in sy primêre vorm beslag gekry. Ek het later dieselfde dag gaan narkose gee vir ’n skoolhoof van Hammanskraal of iewers wat een van die seun se niere ontvang het. Dit het nóg ’n gedig geword.

9. Kan jy kortliks sê waarom die vers, volgens jou, handel?

Ek dink ek het dit reeds grootliks beantwoord. Dis ’n jong seun, breindood na ’n tref-en-trap ongeluk, waar ek gaan help het, as narkotiseur met die oesting van sy organe. Na die organe verwyder is vertrek die chirurgiese span so gou moontlik met die organe om dit betyds by hulle onderskeie bestemmings te kry waar dit moet oorgeplant word. Die verskillende organe het elk ’n spesifieke lewensvatbare spertyd. Een assistent bly agter saam met die teatersuster om die wonde toe te werk. Die narkotiseur bly tot heel laaste.

11. Het jy ’n bepaalde leser, of gehoor, in gedagte wanneer jy aan ’n vers werk?

Objektiewe, eerlike, kritiese leser. Ook enige iemand wat persoonlik sou kon aanklank vind by ’n betrokke gedig, wat miskien persoonlik iets daaruit sou kon put. Joan Hambidge en my klasgenote is maar altyd my eerste lesers: objektief, krities en eerlik. Dis al wat vir my werk.

13. Is daar iets in dié vers wat jy as tipies “Suid-Afrikaans” sal beskou?

Dalk ’n subtiële politieke subteks; swart/wit, taxis wat alle reëls en wette in die wind slaan, ’n wit kind word deur ’n taxi doodgery. In die gedig waarna ek vroeër vlugtig verwys het wat op die gebeure gevolg het word dieselfde jong wit seun ’n skenker van ’n nier aan ’n swart skoolhoof en word dié politieke subteks dus verder uitgedra, kry dit ’n verdere kinkel, word dit ’n gedig van “liefde oor die kleurgrens”. (Dit is uiteraard nie die gedig hier ter sprake nie).

<http://versindaba.co.za/2016/04/08/digstring-hendrik-j-botha-breindood/>

Brood vir die pad

PAC-leier hoor jare later ‘aartsvyand’ red sy lewe

Alet Janse Van Rensburg

Die een was die “klein mannetjie in die kortbroek” met wie die destydse minister van verdediging Frans Erasmus geweier het om te onderhandel. Die ander was die adjunk-kommissaris van die Wes-Kaapse polisie.

Op die oog af was Philip Kgosana, PAC-streeksekretaris en kol. Ignatius Terblanche aartsvyande, maar saam het dié twee waarskynlik op 30 Maart 1960 ’n bloedbad in Kaapstad verhoed.

Die storie van hoe Kgosana daardie dag ’n optog van sowat 30 000 mense sterk van Langa na die parlement gelei het, is welbekend. Dit was 10 dae ná die Sharpeville-slagting

en die Wes-Kaap se swart burgers was midde-in 'n staking in protes teen die paswette. Op die nag van 29 Maart het die polisie Langa ingevaar, mense uit hul huise geboender en beveel om te gaan werk. Dit was die vonk in die kruitvat vir een van die grootste optogte wat die Kaap nóg gesien het.

Duisende mense het daardie nag besluit om na die parlement op te ruk om by Erasmus aan te dring om die paswette te skrap en sowat 100 kamerade wat vroeër die week aangekeer is, vry te laat.

“Die snaakse ding was dat ons aanvanklik seker net 2 000 mense was, maar die SABC het op die radio berig dat ‘ ’n kolom swartes op die N2 op pad stad toe was’. Duisende het dit gehoor en by ons aangesluit,” vertel Kgosana (79) met ’n vonkel in die oog. Hy is vandeeweek in die Moederstad op die vooraand van die 56ste herdenking van dié optog en om Terblanche se seun, Naas (73), te ontmoet.

Kgosana was net 23 jaar oud en ’n student aan die Universiteit van Kaapstad toe hy die massaoptog gelei het.

“Mense het seker gedink ek is verwaand, maar baie van die ouer leiers was in die tronk. Iemand moes die leiding neem,” vertel hy laggend.

Die Kaap het in daardie tyd gewemel van plaaslike en internasionale joernaliste. Die parlement het gesit en ná Sharpeville het baie mense gewag dat die geweld na die Wes-Kaap sou oorspoel.

“Dit was Tony Heard (later redakteur van *Cape Times*) wat my daardie aand kom sê het my mense was reeds op pad Kaapstad toe en wat my in sy Jeep in Mowbray by hulle gaan aflaai het. Ons het vir sowat drie uur tot in Roelandstraat gestap en daar het ek die groep onder die bome laat rus,” sê Kgosana.

Hy het vooruit geloop om te gaan kyk wat aangaan en het nog duisende swart mense in die stad aangetref, asook ’n swaar polisie- en militêre teenwoordigheid. Op die middagkoerant se voorblad was die aankondiging van ’n landwyse noodtoestand en hy het besef daar was geen manier wat hulle by die parlement sou uitkom nie.

“Ene speursers. Sauerman het na my gekom en my oorreed om saam met hom na die Caledonplein-polisiekantoor in Buitenkantstraat te gaan. Ek het daarop aangedring om met Erasmus te praat. Dit was veel gewaag vir ’n klein swart mannetjie om in daardie tyd met ’n minister te wil praat, maar iemand moes dit doen,” vertel Kgosana met ’n vonkel in die oog.

Terblanche was in daardie stadium adjunk-polisiekommissaris van die Wes-Kaap en aan die stuur van die polisie se operasionele take.

Hy het regstreeks van die minister opdrag gekry om Kgosana in hegtenis te neem.

“Ek wou nie die optog op De Waal-rylaan gaan stuit nie, want ek wou my manne bymekaar hou,” het Terblanche agterna geskryf. “Ek het besluit hier mag nie vandag geweld gebruik word nie. Dit sal ’n ramp wees. Veiligheidsmaatreëls, ja . . . maar nie geweld nie.”

Terblanche het sowat 200 gewapende polisielede in die polisiekantoor toegesluit en hulle verbied om daar uit te kom.

Hy het aan sy bevelvoerder gevra om Erasmus te oorreed om met Kgosana te praat, maar dié het eenvoudig geweier.

“Sy opdrag was duidelik,” vertel sy seun, Naas Terblanche, Dinsdag. “Hy moes op die betogers skiet indien

hulle nader sou kom, maar hy het geweier om dit te doen.”

Terblanche het aan Kgosana gesê om aan die groep betogers te sê om om te draai.

“Die kolonel het gesê die minister het ingestem om met my te praat, maar dat ek later met ’n klein afvaardiging moes terugkom,” vertel Kgosana. “Dit was die beleid van die PAC om met die polisie te onderhandel en ek het ingestem.”

Hy het die skare oorreed om huis toe te gaan en het hom later by die polisiekantoor aangemeld, waar in plaas daarvan om ’n onderhoud met die minister te kry, summier in hegtenis geneem is.

Kgosana is nege maande tronk toe gestuur, waarvan hy 21 dae in afsondering deurgebring het.

Terblanche se optrede het uiteraard nie die minister se goedkeuring weggedra nie en hy is by sy aftrede nie soos gebruikelik ’n hoër rang toegeken nie.

Adriaan Vlok, later minister van wet en orde, het eers in 1987 kort voor sy dood die rang van brigadier aan Terblanche toegeken. Die besonderhede van dié dag het eers ná sy dood in sy testament aan die lig gekom.

Jare later het Kgosana vir die Verenigde Nasies in Sri Lanka gewerk toe hy ’n oproep van ’n joernalis ontvang het wat pas met Terblanche ’n onderhoud gevoer het.

“Hy het gevra of ek geweet het dat Terblanche geweier het om my dood te skiet. Ek het nie ’n idee gehad nie,” sê Kgosana en sy oë skiet vol tranes.

Die twee het mekaar nooit weer gesien nie, maar Kgosana en Naas Terblanche ontmoet mekaar Woensdag in Kaapstad. Kgosana lei ook ’n optog uit Langa op die 56ste herdenking van die PAC-optog.

“Ons hou aan praat van versoening in hierdie land,” sê Kgosana en sit terug in sy stoel. “Daarom is ek bereid om in die openbaar te sê hierdie man se pa het my lewe gered. Vandag se jongmense het geen dissipline nie. Ons het daardie dag die hoogste vlak van niegewelddadige protes bereik sonder om enige bande te brand of geboue af te breek. Dis jammer die regering van die dag reageer slegs op geweld, maar as jy ’n duidelike missie het wat jy met integriteit nastreef, behoort jy nooit ’n probleem te hê nie.”

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/pac-leier-hoor-jare-later-aartsvyand-red-sy-lewe-20160330>



Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:

Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou...

Refrein

Dan moet ek juig, my Redder en my God!

Hoe groot is U; hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink dit saam:

Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!